



Verwysing: 20200825-7645

Lêernommer: 12/2/1/2

Navrae: LR Abrahams

Omsendbrief: 0038/2020

Vervaldatum: 31 Desember 2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: Die dokument dien om gewone openbare skole te verwittig van die tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot die Wes-Kaap Onderwysdepartement se skole, asook die bestuur van die skooltoelatingsinligting vir 2021/2022.

Onderwerp: Datums en tydraamwerke vir aansoeke om toelating tot gewone openbare skole, asook die bestuur van skooltoelatingsinligting vir 2021/2022

1. Die aanvraag na leerplekke by skole in die Wes-Kaap neem jaarliks toe. Om toelatings doeltreffend te bestuur, moet skole die tydraamwerke wat in hierdie dokument gelys is, nakom.
2. Die maatreëls soos uiteengesit in hierdie omsendbrief, is van toepassing op aansoeke wat in **2021** ontvang is vir toelating tot gewone openbare skole in **2022**.
 - 2.1 Die aanlyntoelatingsproses sal ten volle geïmplementeer word vir die 2021-/2022-toelatingsproses.
 - 2.2 Die volgende algemene toelatingsdatums stel die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) in staat om genoegsame beplanning te doen vir die voorsiening van klaskamers, diensstate, die verkryging van leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal en alle ander sistemiese intervensies wat nodig is om te verseker dat skole gereed is om elke jaar te begin.
 - 2.3 Daar word van skole verwag om die volgende WKOD-toelatingtydraamwerke te voldoen wat **SLEGS op alle gewone openbare skole van toepassing sal wees:**

MAAND	2021/2022 DATUMS	AKSIE
Februarie	10–16 Februarie 2021	Skole voltooi en teken outomatiese beplande inskrywings op SOBIS af.
Februarie	17–19 Februarie 2021	Kringbestuurders verifieer en meld outomatiese beplande inskrywings op Edu-InfoSearch aan.
Februarie	26 Februarie 2021	Skooltoelatings open (alle gewone openbare skole).
Maart	26 Maart 2021	Skooltoelatings sluit (alle gewone openbare skole).
Maart – Mei	29 Maart – 14 Mei 2021	Skole verwerk aansoeke.
Mei	17 Mei 2021	Prinsipale finaliseer alle aansoeke se status op SOBIS en teken dit af.
Mei	24 Mei 2021	Die stelsel vertoon die uitslag van alle aansoeke.
Mei	24 – 28 Mei 2021	Ouers word per e-pos/SMS van die uitslag ingelig.
Junie	24 Mei – 25 Junie 2021	Ouers bevestig aanvaarding.
Jun – Sept	26 Junie – September	Skole vul beskikbare plekke.
Jun – Sept	26 Junie - September	Ouers word verwittig van plekke en moet dit binne drie dae aanvaar en bevestig.
Kwartaal 3/4	Kwartaal 3/4	Die WKOD besluit en plaas ongeplaasde leerders in oorleg met skole.
Kwartaal 4	Ná vordering en bevordering afgeteken is	Skole bevestig inskrywings.

3. As ouers die plasing nie teen **25 Junie 2021** aanvaar en bevestig nie, kan skole sodanige plekke aan leerders bied wat op die waglys is, of aan ander leerders wat nog geplaas moet word.
4. Die **prinsipaal**, as die verantwoordelike beampte, moet die status van die aansoeke op **17 Mei 2021** op SOBIS afteken, **aangesien die suksesvolle status van 'n aansoek nie na publikasie op 24 Mei 2021** omgeskakel kan word nie.
5. Die toelatingstelsel genereer 'n lys van leerders wat nog nie geplaas is nie en dui aan watter skole beskikbare plekke het namate die aansoeke verwerk word.
6. Dit is dus baie belangrik dat skole sorg dat die beplande inskrywings korrek is en die skole aansoeke teen die sperdatums verwerk om te verseker dat amptenare

akkurate inligting het wat gebruik sal word om ouers oor die beskikbare plekke in te lig.

7. Ouers word sterk aangeraai om by meer as een skool aansoek te doen. Dit sal verseker dat ouers ten minste 'n ander moontlike opsie het as die skool van hul keuse nie 'n plek het nie.
8. Ouers moet hul voorkeurvolgorde op die stelsel aandui. Dit skakel die beperking van plekke uit wat die finalisering van toelatings op 'n jaargrondslag vertraag.
9. Ouers moet die volgende webadres, <https://wcedonline.westerncape.gov.za> gebruik om hul finale keuse te maak. Toegang tot die webwerf kan verkry word deur enige toestel met internettoegang, byvoorbeeld, skootrekenaars, tablette of selfs slimfone.
10. Alle aansoeke, hetsy deur die ouers vasgelê of by die skool ingehandig, **MOET** op die stelsel vasgelê en verwerk word.
11. Let asseblief daarop dat in die geval van 'n toelatingsappèl, geskilpunt of 'n wettige protes, skole versoek kan word om die besonderhede van die aansoek te voorsien, byvoorbeeld wanneer en hoe die aansoek verwerk is. Die besonderhede sal dan vanaf die amptelike WKOD-toelatingsinligtingstelsel se databasis verkry word.
12. Ouers moet voor 00:00 op **25 Junie 2021** die aanvaarding van hul finale keuse bevestig. Indien ouers nie die **finale aanvaarding teen hierdie datum en tyd bevestig nie, sal die stelsel outomaties die eerste suksesvolle aanbod van 'n skool op die lys aan die leerder toeken.**
13. Ouers kan die aanvaarding soos volg bevestig:
 - 13.1 Bevestig dit direk op die stelsel.
 - 13.2 Handig 'n bevestigingsbrief of antwoordstrokie direk by die skool in.
 - 13.3 Die skool moet voor 00:00 op **25 Junie 2021** die bevestiging van die aanvaarding op die stelsel laai.
 - 13.4 Ouers kan hul naaste distrikskantoor skakel om te bevestig.
14. Wanneer ouers aansoek doen, moet hulle kopieë van die nodige stawende dokumente op die stelsel laai. Sodra die leerder aanvaar is, moet die ouers binne **sewe** dae **gewaarmerkte afskrifte van die stawende dokumente** by die skool inhandig.
15. Skoolbeheerliggame behou die reg voor om aansoeke te verwerp indien ouers vals of bedrieglike dokumente inhandig.

16. Sodra ouers plekke bevestig het, kan die skool voortgaan om oop plekke aan leerders te bied wat nog op die waglys is, of aan leerders wat nog nie geplaas is nie.
17. Skole moet alles moontlik doen om ouers magtiging te gee om op die stelsel aansoek te doen deur op die volgende maniere te help:
 - 17.1 Beheerliggame kan ouers toegang gee tot die rekenaarlaboratorium, wat dit onder toesig en beheerde omstandighede kan gebruik, waar die risiko vir die skool baie laag is.
 - 17.2 Betroubare ouers, onderwysers, administratiewe personeel, assistente of rekenaarvaardige graad 7- tot 12-leerders kan aanbied om ouers met die aanlyn-aansoekproses te help.
18. In gevalle waar daar geen internettoegang is nie, kan ouers toegang verkry tot die internet by openbare biblioteke. Hulle kan ook hul aansoeke direk by skole inhandig of die distrikskantoor nader vir verder bystand.
19. Skole moet onthou dat ouers te alle tye die status van hulle aansoek op die stelsel kan nagaan, en dus is dit belangrik dat skole seker maak dat die stelsel die uitslae van die aansoeke voortdurend korrek vertoon en dat daar by die tydraamwerke gehou word.
20. Skole MOET ALLE laat aansoeke wat tot en met 31 Julie 2021 ontvang is, verwerk. Alle laat aansoeke wat vanaf 01 Augustus 2021 ontvang is, moet na die naaste distrikskantoor verwys word vir verwerking.

21. **Oplossings in gevalle waar leerders nie 'n plek by 'n skool gekry het nie**

Die betrokke distriksamptenare wat verantwoordelik is vir toesig oor die toelatingsadministrasie, sal toegang hê tot die lysste van ongeplaasde leerders, asook beskikbare plekke by skole in die distrik. Hierdie amptenare moet help om leerders te plaas deur met skole in hulle onderskeie distrikte en kringe te skakel.

22. Met die toenemende aanvraag na plekke by skole, vertrou die WKOD dat hierdie maatreëls skole en ouers sal help. Ons wil graag prinsipale, beheerliggame en amptenare bedank vir hulle ondersteuning om alle leerders in skole te plaas.

23. **Voorspraakprogram**

- 23.1 Die WKOD sal 'n volledige voorspraakprogram van stapel stuur om die publiek in te lig, insluitende verskeie mediauitlegte en -platforms.
- 23.2 Dit sal gedrukte media, plakkate, pamflette en gedrukte advertensies sowel as radio en toepaslike sosialemediaplatforms insluit.

- 23.3 Aanvullende inligting- en opleidingsessies oor die stelsel sal gedurende Oktober tot November 2020 vir alle amptenare en skooltoelatingspersoneel gehou word. Meer besonderhede oor hierdie sessies sal volg.
24. Alle navrae oor toelatings kan gestuur word aan WCED.Admissions@westerncape.gov.za of aan die Hoof: Bestuur en Beheer of die betrokke kringbestuurder van elke distrik.
25. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2020-11-02